

Kortpad-Praatjies I

Shortcut Chats I

Rina Loader

Afrikaans TipTop-Taalreeks

EKSIEPERFEKSIE-AFRIKAANS

Luister, leer, lees en praat Afrikaans

Interaktiewe elektroniese ondersteuning vir taalvaardigheid
Interactive electronic support for language proficiency

Inhoudsopgawe

1. Wat is *Eksieperfeksie-Afrikaans*?
2. Hoe gebruik ek die stemopname effektief?
3. Hoofstuk 2: Klankverwerking – Letters en klanke
4. Hoofstuk 3: Taalverwerking – Gesprekvoering, leesstukke en grammatika
5. Memorandum Hoofstuk 1: Turbo-vasvrae
6. Memorandum Hoofstuk 2: Eenhede 1-5
7. Memorandum Hoofstuk 3: Eenhede 6-20

FIG. 1

“Baie welkom”, sê Jan Rap en sy span.



Skets: Alet Ries

Wat is Eksieperfeksie-Afrikaans?

’n Taalreis wat die daad by die woord voeg

’n Sterk aksent lei die luisteraar se aandag af. Aan die ander kant verdien ’n goeie uitspraak gewoonlik baie bewondering.¹
Marieke Goedegebure (Uitspraakinstruktrise, Nederlands)

Hier kan die taalverwerwer luister, lees en praat in Afrikaans

Nog nooit het iemand daarin geslaag om te leer motor bestuur deur alleen ’n boek vol reëls in die hand te neem nie – kennis verkry uit boeke én praktiese oefeninge is ’n vereiste vir sukses. Ook wanneer mens ’n nuwe taal aanleer, moet grammatika en praktyk tegelyk aangepak word. Die uitdaging is om dié taak met so veel genot as moontlik klaar te kry.

Eksieperfeksie-Afrikaans is ’n praktiese hulpmiddel vir studente wat graag Afrikaans wil lees en praat en die *Kortpad-Praatjies*-werkboeke in die Afrikaans Tiptop-Taalreeks gebruik.

Vir vele studente (veral dié buite Suid-Afrika) is die studie van die Afrikaanse grammatika relatief eenvoudig in vergelyking met ouer Germaanse tale. Die uitdaging lê daarin om ’n uitgebreide woordeboek op te bou en hierdie woorde dan met selfvertroue uit te spreek. Om hierdie behoefte te vul, het ek *Taalreis*² ’n paar jaar gelede vir Weense studente saamgestel en dit nou in *Eksieperfeksie-Afrikaans* omgeskakel en aangepas.

Gesprekke en stories speel midde-in die alledaagse lewe af om te verseker dat taalkennis in simbiose met begrip van die mense se leefwêreld ontwikkel.

In *Kortpad-Praatjies I* is sorg gedra om ’n outentieke wegspringplek aan alle geïnteresseerdes te bied deur persone uit verskillende agtergronde by die lees van die tekste in te sluit.

Dit is natuurlik onmoontlik om aan alle variante van Afrikaans in een taalreeks reg te laat geskied.³ Kennis van basiese vereistes van Standaardafrikaans verseker gelukkig begrip van talle ander taalvariasies in die Afrikaanse gemeenskap, met uitsondering van Moeslimafrikaans omdat dit nie net leenwoorde uit Maleis bevat nie, maar ook uit Arabies.

Die taak van Leon van Nierop en sy span was om die dialoë wat die storie van Jan Rap en sy vriende vertel vir die luisteraar lewendig te maak, en om ’n natuurlike Afrikaanse praatritme te illustreer. Hulle het uitstekend geslaag en ’n produk gelewer wat nie net binnelands bruikbaar is nie, maar ook in ’n oorsese konteks waar Afrikaans nie om elke hoek en

Never before has anyone managed to drive a car by only taking a book full of rules in hand – knowledge obtained from books as well as practical exercises are requirements for success. Also, when learning a new language, grammar and practice must be tackled at the same time. The challenge is to complete this task with as much enjoyment as possible.

Eksieperfeksie-Afrikaans is a practical tool intended for students who would like to read and speak Afrikaans and use the *Shortcut Chats* workbooks in the Afrikaans Tiptop Language Series.

For most students (especially those outside South Africa), the study of the Afrikaans grammar is relatively easy compared to older Germanic languages. The challenge lies in building up an extensive vocabulary and to then pronounce these words with confidence. To fill this need, I compiled *Taalreis*² for Viennese students some years ago and have now converted and adapted it into *Eksieperfeksie-Afrikaans*.

Conversations and stories are set in everyday life to ensure that language skills develop in symbiosis with understanding of the people’s way of living.

In *Shortcut Chats I*, care has been taken to offer an authentic starting point to all interested learners by including persons from different backgrounds in the reading of texts.

It is of course impossible to do justice to all variants of Afrikaans in one language series.³ Knowledge of the basic requirements of Standard Afrikaans fortunately ensures understanding of numerous other variations in the Afrikaans community, with the exception of Muslim Afrikaans because it not only contains loanwords from Malay, but also from Arabic.

The task of Leon van Nierop and his team was to make the dialogues that tell the story of Jan Rap and his friends come alive for the listener, and to illustrate a natural Afrikaans-speaking rhythm. They succeeded excellently and delivered a product that is not only usable domestically, but also in an overseas context where Afrikaans is not heard on

¹ Marieke Goedegebure is ’n Nederlandse aanlyndosent in Toegepaste Taalkunde (<http://www.nt2.nl/pdf/Uitspraaktrainer%20Les.pdf>).

² Sommige tekste en opnames is in verwerkte vorm oorgeneem uit *Taalreis*, ’n kursus in Afrikaanse landkunde, grammatika en letterkunde wat vir ’n geruime tyd by die Universiteit Wene, Oostenryk aangebied is.

³ sien *Kortpad-Praatjies I*, Tiptop 1, p. 45, vir meer agtergrond.

draai gehoor word nie. Die Rapstorie word in *Kortpad-Praatjies II* voortgesit.

Opnames van grammatikale oefeninge en diverse Afrikaanse tekste in die onderskeie eenhede is versorg deur die outeur, bygestaan deur Dr. Reina-Marie Loader, van die Fakulteit van Media en Kommunikasie, Bournemouth Universiteit, Engeland.

Indien u die dialoë en ander tekste in hierdie program gereeld herhaal (soos in die werkswyse hieronder uiteengesit) en die aanleer van nuwe woorde ernstig aanpak, sal hierdie program u vaardigheid in Afrikaans beslis bevorder en só 'n poort na Suid-Afrika en sy mense te open.

every street corner. The Rap story is continued in *Shortcut Chats II*.

Recordings of grammatical exercises and diverse Afrikaans texts in the respective units were taken care of by the author and Dr Reina-Marie Loader, of the Faculty of Media and Communication, Bournemouth University, England.

If you repeat the dialogues and other texts in this programme regularly (as detailed in the *modus operandi* below) and take the learning of new words seriously, the programme will certainly improve your skills in Afrikaans and open a gateway to South Africa and its people.

FIG. 2

Die stemme wat ons hoor – The voices we hear

Die kunstenaars wat die dialoë voorgelees het



Voor: Pietie Beyers, Leon van Nierop, Bettie Kemp, Mari Molefe-van Heerden

Agter: Anton Dekker, Antowan Nothing

Marius Vermaak (tegniese ingenieur van Maroela Media)

Werkswyse – Modus operandi



- In these recordings the initial tempo of texts based on grammar and associated comments are slower to ensure that beginners can follow this new language with more ease – the pace increases systematically.
- The dialogues, on the other hand, are read at a normal pace.

How do I use the recordings effectively?

Herhaal die verskillende stappe wat hieronder verduidelik word totdat jy seker is dat jy die klanke, woorde, frases of sinne bemeester het en die voorbeelde eksieperfeksie kan uitspreek – dit wil sê, totdat jy tevrede is dat dit jou beste poging is.

Repeat the various steps explained below until you are sure that you have mastered the sounds, words, phrases or sentences and can pronounce the examples "eksieperfeksie" – in other words, until you are satisfied that it is your best effort.

Luisterfase – Listening phase

- | | |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Aktiveer die stemopname deur in die inhoudsopgawe op die verlangde opname te klik. 2. Luister na die teks terwyl jy die leesteks in die werkboek volg. 3. Maak seker jy verstaan alle nuwe woorde en uitdrukings – aanvullende hulp is in Flooi se woordelys en in jou woordeboek; hou ook jou persoonlike woordelys op datum. 4. Vergelyk die uitspraak van die woorde met die skryfwyse daarvan in jou werkboek. 5. Onderbreek die opname tydelik waar nodig om weer te luister. | <ol style="list-style-type: none"> 1. Activate the voice recording by clicking on the desired recording on the index page. 2. Listen to the text while following the reading text in the workbook. 3. Make sure you understand all new words and expressions – additional help is in Flooi's glossary and in your dictionary; also keep your personal glossary up to date. 4. Compare the pronunciation of the words with the way they are written in your workbook. 5. Temporarily pause the recording when necessary to listen again. |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Oefenfase – Practise phase

- | | |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Speel die opname weer van voor af en lees hoorbaar saam met die voorleser. 2. Herhaal die teksgedeelte op eie stoom deur die teks hardop uit die werkboek voor te lees. | <ol style="list-style-type: none"> 1. Play the recording again from the beginning and read audibly together with the reader. 2. Repeat the text at your own pace by reading it out loud from the workbook. |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Toetsfase – Testing phase

Nadat jy die inhoud en uitspraak van die teks genoegsaam bemeester het:

If you have sufficiently mastered the content and pronunciation of the text:

- | | |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <ol style="list-style-type: none"> 1. Lees die teks selfstandig en maak 'n opname daarvan op jou selfoon. 2. Vergelyk jou eie opname dan met die oorspronklike teks, merk waar jy kan verbeter en herhaal al die stappe totdat jy tevrede is met jou vordering. | <ol style="list-style-type: none"> 1. Read the text independently and record it on your mobile phone. 2. Compare your own recording with the original text, note where you can improve and repeat the steps until you are satisfied with your progress. |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|

Hoofstuk 2

Stemopnames – Klankverwerking

Eenhede 1 – 5

Die stemopnames in *Eksieperfeksie-Afrikaans* is hoofsaaklik daarop gerig om 'n goeie uitspraak van een variant van Afrikaans te illustreer. Met "goeie" word bedoel: 'n verstaanbare uitspraak wat kommunikasie met moedertaalsprekers in die algemeen verseker.

The voice recordings in *Eksieperfeksie-Afrikaans* are aimed primarily at illustrating a good pronunciation of one variant of Afrikaans. By "good" is meant: understandable pronunciation that ensures communication with native speakers in general.

Tweedens wil die program benewens luister, lees en uitspraakvaardighede ook begrip vir basiese grammatikale strukture kweek.

Secondly, in addition to listening, reading and pronunciation skills, the programme should also develop understanding of basic grammatical structures.

Al hierdie aspekte word gekombineer om studente se woordeskat en taalvlotheid te bevorder.

All these aspects are combined to promote vocabulary and language fluency

Klik op 'n spesifieke opname om by die klankbaan uit te kom

[Luister en praat saam – Listen and talk along](#)

EENHEID 1

Opname 1: Afrikaans vis-à-vis English

Taak A, p. 41

Opname 2: Eerste vrae

Taak B, p. 42

Opname 3: My noodhulpkis

Taak D, pp. 42, 43

EENHEID 2

Opname 4: Letters en klanke van die alfabet

Taak A&B, pp. 45

Opname 5: ABC-rympie

Taak D, p. 48

Eenheid 3

Opname 6.1: Kort vokale (beginners)

Taak A, p. 50

Opname 6.2: Lang vokale (beginners)

Taak A, p. 50

Opname 6.3: Opsomming van vokale (eenklanke)

Taak A, p. 51

Opname 7: Tongknopers met vokale

Taak F, p. 52

Eenheid 4

Opname 8: Uitspraak van difftonge

Taak A, p. 54

Opname 9: Tongknopers met difftonge

Taak C, p. 54

Opname 10.1: Deelttekens

Taak D.1, p. 56

Opname 10.2: Kappies

Taak D.2, p. 56

EENHEID 5

Opname 11: Konsonante in 'n neutedop

Taak A, p. 57

Opname 12: Die alfabet in allerlei kombinasies

Taak C, p. 59

Opname 13: Tongknopers met konsonante

Taak D, p. 59

Opname 14: Woorddinamika

Taak E, p. 60

Opname 15: Nuttige aanvangswoorde vir navrae

Taak G, p. 60

Hoofstuk 3

Stemopnames – Taalverwerwing

Eenhede 6 – 20

DIE “GROOT KROKODILLE” EN MEV. PLES – THE “BIG CROCODILES” AND MRS PLES DEEL 1 – PART 1

Short cuts to the story recordings (Leon van Nierop and his team)	
Episode 1 (Eenheid 10):	Aankoms by Maropeng
Episode 2 (Eenheid 11):	Agter geslote deure
Episode 3 (Eenheid 12):	’n Skelm vryery
Episode 4 (Eenheid 15):	Jan raak kriewelrig
Episode 5 (Eenheid 17):	Die aap uit die mou laat
Episode 6 (Eenheid 18):	Die stilte voor die storm
Episode 7 (Eenheid 19):	Ek voel soos ’n mamparra!
Episode 8 (Eenheid 20):	Boeretrou, asseblief
Episode 9 (Epiloog):	Vriende deur dik en dun (Hersiening)



Grammatika, kort gesprekke en dialoë

Kliek op ’n spesifieke opname om by die klankbaan uit te kom

EENHEID 6

Opname 16: Die bou van kort stelsinne	Taak B, p. 66
Opname 17: Uitwendige liggaamsdele	Taak C, p. 67

EENHEID 7

Opname 18: Ons tel van 1 tot 10	Taak A, p. 72
Opname 19: Reëndruppels reën!	Taak B, p. 72
Opname 20: Persoonlike voornaamwoorde (subjekposisie)	Taak D, p. 73
Opname 21: Persoonlike voornaamwoorde (objekposisie)	Taak E, p. 74
Opname 22: Aanspreekvorme, begroeting, afskeid	Taak F & G, p. 75

EENHEID 8

Opname 23: Onpersoonlike voornaamwoorde	Taalflits 1, p. 79
Opname 24: Besitlike voornaamwoorde	Taak B, p. 80
Opname 25: Ons tel van 11 tot 20	Taak C, p. 81
Opname 26: Formele groetwyses by binnekoms, Dialoog 1 (a)	Taak E, p. 82
Opname 27: Formele groetwyses by vertrek, Dialoog 1 (b)	Taak E, p. 82
Opname 28: Informele groetwyses by binnekoms, Dialoog 2(a)	Taak E, p. 82
Opname 29: Informele groetwyses by vertrek, Dialoog 2(b)	Taak E, p. 83
Opname 30: Vullers vir ongemaklike stiltes	letsie tussendeur, p. 86

EENHEID 9

Opname 31: Hooftelwoorde – van twintig tot biljoene	Taalflits 1, p. 87
Opname 32: Rangtelwoorde	Taalflits 2, p. 87
Opname 33: Weeksdag en maande in ’n jaar	Taak A & B, p. 88

EENHEID 10

Opname 34: Episode 1, Aankoms by Maropeng	p. 97
Opname 35: Ons oefen woordklem	letsie tussendeur, p. 98
Opname 36: Hoe laat is dit?	Taak D, p. 100

⁴ <https://unsplash.com/de/fotos/au1u20YhxqI>

EENHEID 11

- Opname 37: Episode 2, Agter geslote deure Taak A, p. 106
 Opname 38: Aanwysende voornaamwoorde Taak E, p. 108

EENHEID 12

- Opname 39: Episode 3, 'n Skelm vryery Taak A, p. 113
 Opname 40: Uitspraak van kort stelsinne Taak C, p. 115
 Opname 41: Saamgevoegde stelsinne Taak D.2, p. 115
 Opname 42: My huis: Vrae Taak H.3, p. 117

EENHEID 13

- Opname 43: Lande en inwoners Taak E, p. 123

EENHEID 14

- Opname 44: Verskoning, aanvaarding en afwysing Taak D, p. 131
 Opname 45: Waardering en reaksies Taak D, p. 132
 Opname 46: Gelukwensing Taak D, p. 132
 Opname 47: Uitspraak van simpatie Taak D, p. 132
 Opname 48: Geslag letsie tussendeur, p. 136

EENHEID 15

- Opname 49: Episode 4, Jan raak krielrig Taak A, p. 137
 Opname 50: Die kleurwiel Taak F, p. 139
 Opname 51: 'n Groot klomp adjektiewe Taak H.2., p. 140

EENHEID 16

- Opname 52: Name van beroepe (Kolom A) Taak D, p. 148
 Opname 53: Beskrywings van beroepe (Kolom B) Taak D, p. 148
 Opname 54: Beleefd teenoor onbeleefd Taak G, p. 149

EENHEID 17

- Opname 55.1: Enkelnegatief Taalflits 1, p. 153
 Opname 55.2: Dubbelnegatief Taalflits 2, p. 153
 Opname 56: Episode 5, Die aap is uit die mou p. 153
 Opname 57: 'n Vraelys Taak E, p. 156
 Opname 58: Geldsake Taak F, p. 157

EENHEID 18

- Opname 59: Episode 6, Die stilte voor die storm p. 162
 Opname 60: Verkleinwoorde Taak C, p. 163

EENHEID 19

- Opname 61: Episode 7, Ek voel soos 'n mamparra Taak A, p. 168
 Opname 62: Voorsetsels Taak D & E, pp. 170-171

EENHEID 20

- Opname 63: Episode 8, Boeretros, asseblief! Taak A, p. 179
 Opname 64: Tydsinne Taak E, p. 180

EPILOOG

- Opname 65: Hersiening: Vriende deur dik en dun Afsluitingsvasvra, p. 186

ADDENDUM I

- Opname 66: Eerste honderd Afrikaanse sinne p. 187

ADDENDUM II

- Opname 67: In die kantoor Eenheid 11.5, p.198

Memorandum Hoofstuk 1: Turbo-vasvrae

'n Voëlmlug oor Suid-Afrika

Die vrae vir die hieropvolgende antwoorde is in die werkboek op die aangeduide bladsye te vinde. The questions for the following answers are to be found in the workbook on the pages indicated.

Vinnige skakels – Quick links:

Deel 1 – Topografiese kenmerke

Turbo-vasvra A, Werkboek p. 7

Turbo-vasvra B, Werkboek p. 13

Turbo-vasvra C, Werkboek p.17

Turbo-vasvra D, Werkboek p. 19

Deel 2 – Ekologie

Turbo-vasvra E, Werkboek p. 26

Deel 3 – Staatkundige strukture

Turbo-vasvra F, Werkboek p. 31

Deel 4 – Demografiese raamwerke

Turbo-vasvra G, Werkboek p. 38

DEEL 1

Topografiese kenmerke – Topographic features

Turbo-vasvra A – Turbo quiz A Werkboek, p. 7

Ligging en grootte – Location and size⁵

1. Die RSA is aan die suidelikste punt van die kontinent van Afrika geleë.
2. Die land het 'n oppervlakte van 1,2 miljoen km².
3. Die drie gebiede buite Suid-Afrika wat ook aan die land behoort:
 - 3.1 Robbeneiland (10 km vanaf die Suid-Afrikaanse kus).
 - 3.2 Die Prins-Edward- en Marioneilande in die Antartika (1 920 km vanaf Suid-Afrika).
4. Steenbokskeerkring.

Binnelandse grense – Interior borders

- 1.1 Kaapprovinsie met hoofstad Kaapstad.
1.2 Natal met hoofstad Pietermaritzburg.
1.3 Oranje-Vrystaat met hoofstad Bloemfontein.
1.4 Transvaal met hoofstad Pretoria.
- 2.1 Wes-Kaap: Kaapstad
2.2 Noord-Kaap: Kimberley
2.3 Oos-Kaap: Bisho
2.4 KwaZulu-Natal: Pietermaritzburg/Ulundi
2.5 Vrystaat: Bloemfontein
2.6 Gauteng: Johannesburg
2.7 Noordwes: Mafikeng
2.8 Mpumalanga: Nelspruit
2.9 Limpopo: Pietersburg
- 3.1 Gauteng beteken "plek van goud" en is 'n Sotho en Tswana woord.
3.2 Mpumalanga beteken "waar die son eerste opkom" wat in Swazi en Zoeloe gebruik word.
4. Tuislande is afgebakende streke vir swart mense wat volgens die destyds heersende Nasionale Party hulle eie onafhanklike regerings in eie tuislande kon bestuur. Hulle het egter nie ekonomiese vryheid gekry nie en die tuislandbeleid het skeiding tussen verskillende rasse op die spits gedryf.
5. Voor 1994 was daar tien tuislande.
6. Bophutatswana, Ciskei, Gazankulu, KaNgwane, KwaNdebele, KwaZulu, Lebowa, QwaQwa, Transkei, Venda.

Buitenste landsgrense en buurlande – Exterior borders and neighbouring countries

- 1.1 In die noordweste grens die RSA aan Namibië.
1.2 In die noorde grens die land aan die Republiek Zimbabwe.
1.3 In die noordooste is die buurland Mosambiek.

⁵ Sommige vrae en antwoorde is oorgeneem uit verskeie werkboeke van Loader, saamgestel vir die kursus, *Afrikaans: Erfenis uit Afrika, Europa en Asië* aan die Universiteit Wene, Oostenryk.

2. Die Republiek van Swaziland en die Koninkryk van Lesotho.
3. 'n Lang kuslyn, gevorm deur die Atlantiese en die Indiese Oseaan, vorm die suidelike grens.

Turbo-vasvra B – Turbo quiz B 13

Kuslyn – Shoreline

1. Die Atlantiese Oseaan (aan die westekant) en die Indiese Oseaan (aan die oostekant).
2. Die verskillende seestrome ontmoet mekaar by Kaap Agullas.
3. Die kuslyn is 2 798 km lank en strek vanaf Mosambiek in die ooste tot by Namibië in die weste.
4.
 - 4.1 'n Natuurbewaringsgebied wat grens aan Mosambiek.
 - 4.2 Die subtropiese Noord- en Suidkus van KwaZulu-Natal.
 - 4.3 Die Ooskaapse Wildekus.
 - 4.4 Die kusgebied langs die sg. tuinroete (die Knysna- en Tsitsikamawoude).
 - 4.5 Die Weskaapse Skiereiland (ook bekend as die Peninsula, Kaap van Goeie Hoop of Kaap van Storms) wat strek vanaf Bloubergstrand aan die westekant, om Kaappunt tot by Muizenberg in die ooste.
 - 4.6 Die Weskus wat vanaf Bloubergstrand noordwaarts strek tot by die grens van Namibië (sluit dus die Namakwalandse kus in).
5. Oos-Kaap, Noordkaap en KwaZulu-Natal.

Berge – Mountains

1.
 - 1.1 Tafelberg met Leeukop en Duiwelspiek in die suide.
 - 1.2 Die Kaapse kettingberge of plooiberge (Kamies-, Roggeveld-, Nuweveld-, Hottentots-Holland-, Seder-, Swart-, Outeniqua- en Tsitsikamaberge).
 - 1.3 Die Drakensberge en sy uitlopers (aan die oostekant van die land).
 - 1.4 Die Magaliesbergreeks.
 - 1.5 Die Lebomboberge in die noordooste van die land.
2. Die woord "eskarperment" of platorand verwys na 'n verskeidenheid van kettingberge (Drakensberge en Kaapse vouberge) wat die kusvlakte en die sentrale binneland van mekaar skei. Die begrip "Groot Eskarperment" verwys spesifiek na die Drakensberge.
3. Die Swartberge skei hierdie semi-woestyngebiede van mekaar.
4. Dié uitdrukking verwys na 'n miskleed wat soms bo-op Tafelberg lê en soos 'n tafeldoek lyk.
5. Warm lug styg teen die hange van die berg op en stuit dan teen koue lug bo-op die berg wat lei tot die vorming van digte miswolke.

Riviere – Rivers

1. Baie riviere ontspring in die Drakensberge.
2. Suid-Afrikaanse riviere is oor die algemeen vlak (groot skepe kan nie daarop vaar nie) en hulle is baie keer seisoenaal van aard. Die water in meeste riviere vloei vinnig tot in die oseane. Hierdie kenmerke noodsaak groot waterverspreidings- en waterbewaringsprojekte.
3. Die Oranje-, Vaal- en Olifantsrivier is die belangrikste riviere wat deur die binneland vloei.
4. Die bekendste is die Augrabies-waterval (in die Oranjerivier), die Tugela-waterval (in Kwa-Zulu Natal) en die Howick Waterval (in die Umgeni-rivier).
5. Die naam van die Oranjerivier hou verband met die Huis van Oranje-Nassau; die Vaalrivier se naam wys op die kleur van die water; die Limpoporivier is afgelei van die naam van 'n Tsonga-leier; die Tugela beteken "iets wat skrikmaak"; die Caledonrivier is vernoem na Lord Caledon, goeweneur van die Kaapkolonie; in Sotho is dit "Mohokare" en dit beteken "iets wat verbind".
6. Die Gariëpdam (Oranjerivier), Vaalharts- en Bloemhofdamme (Vaalrivier) en die Lesotho Hoogland-waterprojek (Caledonrivier).

Turbo-vasvra C – Turbo quiz C 18

Laaglande, middellande, hooglande, woestyne – Lowlands, midlands, highlands, deserts

1. Die platogebied bestaan uit:
 - 1.1 Bergagtige middellande (soms "midlande" genoem) van Natal, Transkei en die Koninkryk van Lesotho.

- 1.2 Die hoog- middel- en laaglande of die sentrale plato bestaan uit:
 - 1.1.1 Hoëveldse grasvlaktes (Vrystaat) wat strek tot by die Witwatersrand (Johannesburg).
 - 1.1.2 Die Middelveld van Pretoria en omliggende gebiede wat die Springbokvlakte insluit.
 - 1.1.3 Die Laaglande of Laeveld wat die Bosveld en die Limpopovallei insluit.
- 1.3 Die noordelike plato bestaan uit:
 - 1.1.4 Die Noordwes Provinsie (die sg. "stofbak" van land).
 - 1.1.5 Die Noordkaap.
 - 1.1.6 Die semi-woestyngebiede van die Karoo-vlaktes.
2. Dié laaglande sluit die noordoostelike gebied van Mpumalanga asook die Limpopo Provinsie met sy pragtige Limpopovallei in. Dit is bosveldwêreld met 'n savannaboom en begroei met tipiese bosveldplante soos akasia-, maroela- en baobabbome (ook kremetartbome genoem). Daar is baie wildsplase.
3. Die Limpopovallei lê in die Limpopo Provinsie heel in die noorde van die land.
4. Die grasvlaktes in die oostelike binneland (Oos-Kaap) met streke soos die Overberg en Swartland word as die broodmandjie van die land beskou omdat daar baie met koring geboer word. Ons vind ook baie koring in die Vrystaat.
5. Die strandmeer vervul 'n belangrike rol in die habitat van voëls se broeikolonies.
6. In 1926 is in die Richtersveld by Port Nolloth diamante ontdek.
7. Pella is 'n onverwagte oase in 'n baie dor gebied.
8. Die grootste gedeelte van die Noordkaap kan as semiwoestyngebiede beskryf word. Dit geld ook vir sekere gebiede in die Weskaap (bv. die Boesmanland en Namakwaland).
9. In die noordweste van Suid-Afrika stoot uitlopers van die Namibwoestyn in die Richtersveld in. Die Kalahariwoestyn maak 'n gedeelte van Boesmanland uit en brei ook stadig sy grense uit.
10. Die naam "Knersvlakte" kan verskillende dinge beteken –
 - 10.1 " 'n gekners op tande", wat die harde lewensstyl in dié gebied beskryf;
 - 10.2 kwarts wat onder die waens se wiele knars;
 - 10.3 vervorming van Nederlandse woord "knecht".
11. Die Karoo ("die land met die groot dors") is 'n uitgestrekte droë gebied wat strek van die binnelande van die Oos-Kaap tot by die Atlantiese Oseaan. Dit beslaan byna 'n derde van die Suid-Afrikaanse grondgebied.
12. Vleilande vorm 'n buffer tussen land en see en is ook belangrik vir bewaring van die ekologie in die algemeen.
13. Die Kaapse vlakke is op drooggelegde seesand aangelê en die grond dreineer baie sleg. Die gevolg is dat die gebied dikwels gebuk gaan onder oorstromings.
14. Tussen Augustus en mid-Oktober, indien dit genoegsaam gereën het, verander Namakwaland in 'n blommeparadys.
15. Die Karoo kan ekstreme hitte ervaar en dit reën selde.
Natal daarenteen is tropies van aard – warm en vogtig met baie reën wat van die see instoot.

Turbo-vasvra D -Turbo quiz D 19

Wêrelderfenisgebiede – World Heritage sites

1. Daar is 8 gebiede in Suid-Afrika onder die beskerming van UNESCO: Robbeneiland, iSimangoliso moerasland, Wieg van die Mensheid, uKhahlamba Drakensberg Park, kulturele erfenis van Mapungubwe, Kaapse blommeryk, Vredefortkoepel asook die kultuur en botaniese landskap van die Richtersveld.
2. Nelson Mandela, die eerste swart President van Suid-Afrika gekies in 'n demokratiese verkiesing.
3. Die iSimangoliso moerasland is ook as St. Lucia Park bekend.
4. Die drie bekende fossielterreine in die gebied bekend as die Wieg van die mensdom, is Swartkrans, Sterkfontein en Kromdraai.
5. Die kultuurskatte by Mapungubwe Erfenisterrein ("die plek van die jakkalse") kom uit die tydperk van 'n antieke koninkryk (vanaf 900 tot 1300) in die Limpopoprovinsie.
6. Daar is 14 beskermdes gebiede in die Wes-Kaapse blommeryk.

- Die Richtersveld Nasionale Park is bekend vir die groot hoeveelheid woestynplante wat daarin voorkom en ook beskerm word.
- Die Vrededorfkrater (of -koepel) is die gevolg van 'n reuse meteoriet wat Suid-Afrika 2 miljard jare gelede getref het en 'n krater van 10 km in deursnee agtergelaat het.
- Die Drakensberge, en spesifiek dié deel geleë in die Ukhahlamba-Drakensberg Park, is vir goed bewaarde Santekeninge bekend.

DEEL 2 Die ekologie – The ecology

Turbo-vasvra E – Turbo quiz E 26

Klimaat, temperatuur en reënval – Climate, temperature and rainfall

- Die gemiddelde reënval is 'n baie wisselvallige 464-502 mm per jaar – met uitsonderings as gevolg van aardverwarming.
- In die suidelike en oostelike kusstreke reën dit dwarsdeur die jaar.
Die sentraalplato en die Laeveld kry somerstorms.
Die suidelike en westelike dele van die Kaapse gebiede het winterreëns.
- Min of meer 30-40° C in die somer is normaal in Suid-Afrika.
- Ongeveer 20° C in die winter terwyl sekere dele op die Hoëveld en in die bergagtige dele rondom die vriespunt kan draai.
- Die son skyn gemiddeld 9,5 uur per dag.
- In KwaZulu-Natal en die Laeveld tref ons subtropiese klimaatsomstandighede aan.
- Lentemaande: Augustus, September, Oktober.
Somermaande: November, Desember, Januarie.
Herfsmaande: Februarie, Maart, April.
Wintermaande: Mei, Junie, Julie.

Verskillende ekologiese biome in Suid-Afrika – Different ecological biomes in South Africa

- Woud-, grasland-, savanna-, sukkulente Karoo-bioom of Karoo-vetplantbioom, Nama-Karoo-bioom, fynbosbioom, woestyne en ruigtes.
- Die woudbioom vul slegs 0,5% van die land se oppervlakte. Die enigste natuurlike of inheemse woud in Suid-Afrika is die Knysnawoud. Meeste ander woude (bv. in Mpumalanga) is aangeplant met uitheemse bome.
- Die graslandbioom is uitgestrekte grasvlaktes waar die veld hoofsaaklik met grassoorte bedek is. Dit is somerreënvalgebiede waar bome meestal afwesig en bolplante dikwels volop is. Dit verskaf goeie weiveld en maak boerdery met plantgewasse moontlik.
- Die savannabioom vind 'n mens in die Laeveld en die Kalahari. Dit kom ook uitgebreid in die land se buurlande voor (Botswana, Namibië, Zimbabwe).
- Kenmerkend van die sukkulente Karoo-bioom is veldstroke wat deur heuwels onderbreek word. Net soos in die Nama-Karoo word uitgestrekte rotslae met 'n dun grondlaag bedek en die water dreineer vinnig. Dominant is vetplante met dik, sappige blare of bolle waarin water opgegaar kan word. Dit word in dele van die Groot Eskarpament en noord van die Kaapse Vouberge aangetref.
- Die *Nama-Karoo-bioom* kom in die Karoo se halfwoestyn voor en bestaan uit lae bossies, grassoorte, klein struikies en bome wat vir droogtetoestande geskik is. "Karoobossies" is baie geharde bossies wat soms eetbaar is en veral nuttig vir kleinveevoer is. Dit word in die provinsies Oos-, Wes- en Noord-Kaap Provinsies aangetref.

Fynbosbioom verwys na die unieke, inheemse plante van die Wes-Kaap. Hierdie plante verskil so veel van plante in meeste ander wêrelddele en is só talryk dat plantkundiges hierdie gebied met sy ongeveer 8 700 verskillende plantespesies die "Kaapse Blommeryk/Blommeparadys" noem. Verskillende veldtipes maak die fynbosbioom uit:

- renosterveld (gedomineer deur madeliefies);
- strandveld (grasse en 'n groot groep immergroen plante met klein, harde blaartjies);
- fynbosvelde (proteas, heide, suikerbosse).

7. Reënval in die woestynlandskap (Kalahari, Namib) is erg wisselvallig en daar word gereken met slegs 10 mm reën per jaar. As dit goed reën, kan die veld oortrek wees met grasse en eenjarige plante. In droë jare is die veld kaal en die plantsade kruip in die sand weg om te oorleef.
Ruigtes ("thickets"), ook bosbloom genoem, verwys weer na ondeurdringbare klein struikies en bome langs die kusstroke. Ruigtes is baie opvallend langs die Noordkus, Wildekus en die Natalse Suidkus. Soms kombineer die plante met tipiese strandveldse plantegroei.
8. Die Sukkulente Karoo-bloom staan soms ook as die Bokkeveld-Karoo of Struik-Karoo bekend.
9. In die Rigtersveld, Boesmanland, Weskus en Namakwaland groei plante tipies van die Nama-Karoo (bv. die Halfmens-boom).
10. Die Knervlakte aan die Weskus word oorheers deur die sukkulente Karoo-bloom wat heel gelukkig in 'n baie klipperige omgewing groei.
11. Die omgewing van Kaapstad bestaan uit die Skiereiland, Swartland, Overberg, Vouberge en verskeie wynroetes.
12. In die Laeveldse boswêreld kry 'n mens savannaboom in die laaglande van die Bosveld en Limpopovallei, en daar is volop gras en bome. Soms ook woude.
13. Die plato sluit in die Vrystaat, Gauteng, Noordwes Provinsie en Mpumalanga. Ons kry in hierdie gebiede die volgende:
 - 13.1 Graslandbloom in die sentrale hooglande (Hoëveld, Middelveld van die Vrystaat en Gauteng).
 - 13.2 Bosveldwêreld in Noordwes Provinsie.

Grotes en kleintjies – The big and the small

1. Die "Groot Vyf" in die dierewêreld sluit in: die leeu, buffel, olifant, renoster en die luiperd.
2. Die "Groot Ses" in die voëlwêreld verwys na die bromvoël, gompou, swartaasvoël, breëkoparend, visuil en die saalbekooievaar.
3. Die haai en die walvis kan dalk binnekort by die "Groot Vyf" ingelyf word.
4. Die lede van die sg. "Klein Vyf" is die mierleeu, luiperdskilpad, renosterkewer, buffelwewer en die klasneus (’n klein knaagdiertjie).
5. Suid-Afrika se "grootste" en "vinnigste" diere en voëls is:
 - 5.1. Die grootste diere: olifant en kameelperd
 - 5.2. Die grootste voël: volstruis
 - 5.3. Die grootste vis: walvishaai
 - 5.4. Die grootste seereptiel: leerrugseeskilpad
 - 5.5. Die grootste bok: eland
 - 5.6. Die vinnigste landdier: jagluiperd

DEEL 3

Staatkundige strukture – State structures

Turbo-vasvra F – Turbo quiz F 31

1. Die huidige President van Suid-Afrika is Cyril Ramaphosa.
2. Nelson Mandela, Thabo Mbeki, Jacob Zuma.
3. Nelson Mandela.
4. Daar is 30 ministers in die Kabinet.
5. Elke 5 jaar is dit stemtyd.
6. Vanaf 1994 funksioneer Suid-Afrika op 'n demokratiese basis.
7. Die frase "Handves vir Menseregte" ("Bill of Rights") verwys na die eerste 10 inskrywings in die Suid-Afrikaanse grondwet van 1994. Dit het ten doel om burgerlike regte en vryheid van alle rassegroepe in Suid-Afrika te waarborg. Dit kom neer op 30 menseregte soos bv. gelykheid en waardigheid van alle mense, vryheid en veiligheid, verbod van slawerny en gedwonge arbeid, vryheid van geloof, oortuiging of opinie, vryheid van spraak en nog vele ander.
8. In rugby word die embleem van die springbok aangetref.

9. Dit verteenwoordig die samekoms van die verskillende nasies in 'n enkele stroom mense wat saamgroeï en saam vooruitgaan.
10. Die huidige nasionale volkslied is 'n kombinasie van die werk van verskillende digters, naamlik C.J. Langenhoven, Enoch Sontona en Samuel Mqhayi.
11. Die uitvoerende mag van die regering is gesetel in die Uniegebou in Pretoria.
12. Die juridiese hoofstad is Bloemfontein, en die wetgewende hoofstad is Kaapstad.
13. (a) Luiperd (b) Leeu (c) Olifant (d) Renoster (e) Buffel

DEEL 4

Demografiese raamwerke – Demographic frameworks⁶.

Turbo-vasvra G – Turbo quiz G 37

1. Daar is ongeveer 60,6 miljoen mense (statistieke 2023) in die land.
2. 2.1 Afrikane (die Zulu, Xhosa, Basotho, Venda, Tswana, Tsonga, Swazi, Ndebele).
2.2 Wit mense (Afrikaners en Engelse).
2.3 Bruin mense (eers Kleurlinge/"Coloureds" genoem).
2.4 Indiërs/Asiërs.
2.5 Klein groepies San, Khoikhoi en die Griekwas (lg. vroeër Basters genoem).
3. 3.1 'n Derde van alle Suid-Afrikaners lewe in Kaapstad en omgewing, in Gauteng, KwaZulu-Natal (Durban en Pietermaritzburg) en die Oos-Kaap (Port Elizabeth en Uitenhage).
3.2 Miljoene swart mense, en ook groot groepe bruin en wit mense lewe op die uitgestrekte platteland.
3.3 In plakkerskampe (sg. "squatter camps") het mense van alle bevolkingsgroepe onrusbarend toegeneem.
3.4 Die meeste bruin mense woon in die Wes- en Noord-Kaap.
4. Die San en die Khoikhoi word met uitsterwing bedreig.
5. Die jeug maak ongeveer 36,2% van die totale bevolking uit en is tussen 15-35 jaar oud. Suid-Afrika moet hierdie feit goed onder oë hou by toekomsbeplanning (bv. in verband met werkskepping).
6. 6.1 In informele of tydelike huise (karavane, tente, plakkerskampe).
6.2 Formele wonings (herehuise en middelklas wonings).
6.3 Tradisionele wonings (rondawels).
7. Naas Zulu en Xhosa is Afrikaans die derde grootste taal in die land. Dit word dwarsdeur die land verstaan en meestal ook in verskillende vorme van vaardigheid, gepraat.
8. 8.1 Christendom (ongeveer 68%).
8.2 Islam (ongeveer 2%).
8.3 Hinduïsme (1,5%).
8.4 Ander godsdienste is 28,5% (tradisionele Afrika-godsdienste, Boeddhisme, Judaïsme).
8.5 Ongeveer 15% het geen godsdienstige affiliasie nie.
9. Suid-Afrikaanse kinders is verplig om tussen die ouderdomme van 7 en 15 jaar skoolopleiding te ondergaan.
10. 10.1 Algemene onderwys en opleiding – Graad 0-9 (verpligtend).
10.2 Verdere onderwys en opleiding – Graad 10-12 (nie-verpligtend).
10.3 Hoër Onderwys – universiteite en kolleges.
11. Siektes wat tot sterftes aanleiding gee, is tuberkulosis, griep, longontsteking, hartsiektes en diabetes.
12. MIV staan vir "menslike immuniteitsgebreeksvirus" (in Engels "human immunodeficiency virus" of HIV).
13. Hoofpyn, diarree, koors, hoes, koue rillings, lyfpyne, sweet, naarheid en braking.
14. Die kiem skuil in varswater slakke en tas mense aan wat daarin swem of hengel. Dit is dus moeilik om te identifiseer.
15. Diere in die veld en op plase is aan Tsetsevlieg, perdesiekte en hartwater blootgestel.
16. Die slagoffer kry slaapsiekte en die limfstelsel en brein word aangetas. Dit kan tot die dood lei.

⁶ <http://www.statssa.gov.za>; *Estimated Statistics South-Africa*.

FIG. 4

Die nasionale blom van Suid-Afrika – die koningsprotea



Foto: Alexander Mickel (2019)

Nog mooi foto's van Stan Sanetra: <https://www.sa-nice.com/>

Memorandum Hoofstuk 2

Eenhede 1-5

The following remark is very important!

You must first answer the questions in the various chapters by yourself, before you check the memoranda for the correct answers. If you do not first answer the tasks independently, you will find that this kind of shortcut will later boomerang on your progress. Remember: we learn a lot from our mistakes – one must know your mistakes before one can figure out what to do about it.

Also: Follow the procedures as explained in the workbook.

Eenheid 1

Taak A, p. 41

1. Daar is water in die dam.
2. Die koffie is warm.
3. Die man is blind.
4. Die lantern is in die tent.
5. Die student was in die park.
6. Daar is ink in die pen.
7. Bring die telegram!
8. Die lamp is by die bed.

Taak B, p. 42

1. Wat is in die dam? Daar is water in die dam.
2. Wat is warm? Die koffie is warm.
3. Wie is blind? Die man is blind.
4. Waar is die atlas? Die atlas is in die tent.
5. Wie was in die park? Die student was in die park.
6. Wat is in die pen? Daar is ink in die pen.
7. Wie bring die telegram? Die man bring die telegram.
8. Waar is die lamp? Die lamp is by die bed.

Eenheid 2

Taak D, p. 48

- | | | |
|-------------|-----------------|---------------------|
| 1. wol | 9. 'n eend | 18. 'n os |
| 2. 'n hoed | 10. 'n aap | 19. Xhosa of Zoeloe |
| 3. 'n slang | 11. 'n brood | 20. ma |
| 4. nag | 12. 'n viool | 21. pou |
| 5. 'n uur | 13. 'n gek | 22. jas |
| 6. 'n lint | 14. 'n dier | 23. kat |
| 7. rys | 15. insek | 24. nag |
| 8. 'n tol | 16. 'n flitslig | 25. Xhosa of Zoeloe |
| | 17. Ceylon | 26. Quinton |

Taak F, p. 48

1. An alphabet letter is used in writing a language and it represents the basic speech sounds in many languages. But it doesn't always represent the same sounds. An alphabet sound is the way a specific alphabet letter is pronounced: Examples: lip [lɪp] > familie [famili]
2. There are 26 letters in the alphabet.
3. The sound alphabet is called the phonetic alphabet.
4. There are at least 75 phonetic or sound combinations in Afrikaans.

Eenheid 3

Taak B, p. 51

Woorde		Vertaling Translation	Kort vokaalklank (-) OF lang vokaalklank (+)	Woorde		Vertaling Translatio n	kort vokaalklank (-) OF lang vokaalklank (+)
1.1	aan	on/to	+	1.10	dan	then	-
1.2	siek	sick	-	1.11	hier	here	+
1.3	sit	sit	-	1.12	boom	tree	+
1.4	fees	feast	+	1.14	hout	wood	-
1.5	boet	brother	-	1.15	vet	fat	-
1.6	ly	suffer	+	1.16	slang	snake	-
1.7	been	leg	+	1.17	boer	farmer	+
1.8	dag	day	-	1.18	stuk	piece	-
1.9	kla	complain	+	1.19	die	the	-

Taak D, p. 51

- | | | | |
|----------------|--------------------------|---------------------------|----------------------------|
| 1. dier | 6. ore (meervoud van 3.) | 11. liefde | 16. loer |
| 2. aandete | 7. dieselfde | 12. ape (meervoud van 4.) | 17. soek |
| 3. oor | 8. vriend | 13. swaer | 18. proe |
| 4. aap | 9. hael | 14. naam | 19. groet |
| 5. eet | 10. uur | 15. eens | 20. ure (meervoud van 10.) |

Note: LW: 6. en 12. en 20. is meervoude ("plurals").

Eenheid 4

Taak B, p. 54

1. **Diffonge**

<u>a</u> ikôna ("no")	<u>e</u> is ("claim")	ka <u>ai</u> ("house")	la <u>ai</u> ("upload")	vlo <u>oi</u> ("flea")
ba <u>ie</u> ("a lot")	geb <u>ou</u> ("building")	my <u>u</u> ("my")	mee <u>u</u> ("gull")	we <u>ie</u> r ("refuse")
bl <u>ou</u> ("blue")	goe <u>ie</u> ("good")	kr <u>aa</u> i ("crow")	skou <u>er</u> ("shoulder")	y <u>w</u> er ("diligence")
b <u>y</u> ("by/bee")	gro <u>ei</u> ("grow")	kat <u>jie</u> ("kitten")	su <u>ig</u> , ("suck")	
du <u>im</u> ("thumb")	ho <u>oi</u> ("hay")	ko <u>ud</u> ("cold")	tama <u>ai</u> ("very big")	

2. **Vertaling en aanduiding van diffonge**

- | | |
|---------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------|
| 2.1 Ba <u>ie</u> mense praat Engels. | 2.5 Daar is geen vlo <u>oi</u> e in die ho <u>oi</u> nie. |
| 2.2 'n Bra <u>ai</u> vleis is gewild in Su <u>i</u> d-Afrika. | 2.6 'n Mee <u>u</u> sit op 'n ou skip. |
| 2.3 Ek we <u>ie</u> r om omkoopgeld te betaal. | 2.7 'n B <u>y</u> werk met y <u>w</u> er. |
| 2.4 Die <u>e</u> is is realities. | 2.8 Die boom gro <u>ei</u> baie hoog. |

Taak E, p. 56

- A "diffong" can also be called a "tweeklank".
- A diphthong is a complex vowel sound in which the first vowel is gradually incorporated by a second vowel so that both vowels form one unit, such as "a" and "i" in 'k[ai]ngs.
- baie, muis, leeu
- No, diphthongs may never be broken up.
- 5.1 All diphthongs are voiced and formed with rounded or spreaded/unrounded/derounded lips.
5.2 Diphthongs can be pronounced as short or long sounds.

Taak F, p. 56

- | | | | |
|------------------------|----------------------|------------------|---------------|
| 1. A-fri-ka | 5. bed-jie | 9. hulp-vaar-dig | 13. neut-jie |
| 2. ai-ko-na | 6. dok-ter | 10. kat-jie | 14. reun-tjie |
| 3. an-tie-ke He-breeus | 7. dui-sen-de ker-se | 11. ker-se | 15. soe-ne |
| 4. as-se-gaai | 8. fluit-jie | 12. mus-kie-te | 16. toi-ings |

Eenheid 5

Taak B, p. 58

- | | | | |
|--------------|------------|-------------|-------------------|
| 1. sinne | 4. klanke | 7. kleure | 10. lees, vertel |
| 2. ore | 5. luister | 8. liedjies | 11. stories |
| 3. prentjies | 6. praat | 9. grappies | 12. woorde, skryf |

Taak F, p. 60

- Konsonante word gevorm wanneer die eweredige vloei van die lugstroom na die buitekant van die mond heeltemal of gedeeltelik geblokkeer word by 'n vaste artikulasiepunt. Die klanke word vergesel van hoorbare geluide, skuurgeluide en wrywings. Hulle word met of sonder stemklank uitgespreek.
- By stemhebbende klanke beweeg lug oor die stembande en veroorsaak so hoorbare vibrasies. Stemlose klanke word uitgespreek sonder vibrasie van die stembande. Hierdie eienskappe vra om 'n eenvoudige toets: As jy enige vibrasie van die stembande voel wanneer jy jou vingers op jou larinks plaas, is dit 'n stemhebbende klank. As daar geen vibrasie waarneembaar is nie, is dit 'n stemlose klank.
- Consonants are formed when the even flow of the air stream to the outside of the mouth is completely or partially blocked at a fixed articulation point. The sounds are accompanied by audible noises, abrasions and frictions. They are pronounced with or without a voice.
- Voiced sounds are produced by passing air across the vocal cords to create audible vibrations. Voiceless sounds are pronounced without vibration of vocal cords. These characteristics call for a simple test: If you feel any vibration of your vocal cords when you place your fingers on your larynx, it is a voiced sound. If there is no vibration detectable, it is a voiceless sound.

Memorandum Hoofstuk 3 Eenhede 6-20

Vinnige skakels na die verskillende eenhede:

Eenheid 6	Eenheid 11	Eenheid 16
Eenheid 7	Eenheid 12	Eenheid 17
Eenheid 8	Eenheid 13	Eenheid 18
Eenheid 9	Eenheid 14	Eenheid 19
Eenheid 10	Eenheid 15	Eenheid 20

Eenheid 6

Taak A, p. 66

1.
 - 1.1 Die vrou besoek 'n kollega.
 - 1.2 Die besoeker onthou die museum baie goed.
 - 1.3 Jan groet die pragtige/mooi meisie.
 - 1.4 Prof. woordvraat ontmoet 'n ou vriend.
 - 1.5 'n Toeris vind die reis interessant.
 - 1.6 Jan Rap los taalsake vir Woordvraat.
2.
 - 2.1 The lecturer teaches the students.
 - 2.2 Jan owns a farm.
 - 2.3 The team investigates a robbery.
 - 2.4 The detectives are looking for evidence.
 - 2.5 The professor is also a radio announcer/broadcaster.

Taak B, p. 66 (Wie doen wat?)

1.
 - 1.1 [Die onderwyser]^s [help]^v [n skoler]^o.
The teacher helps a child.
 - 1.2 [Kattie]^s [besit]^v [n gastehuis]^o [in die Kaap]^r.
Kattie owns a guest house in the Cape.
 - 1.3 [Jan]^s [besit]^v [n plaas]^o [in die Bosveld]^r.
Jan owns a farm in the Bushveld.
 - 1.4 [Die Rapspan]^s [ondersoek]^v [die verdwyning]^o [van Mev. Ples]^r.
The Rap team investigates the disappearance of Mrs Ples.
 - 1.5 [Die professor]^s [versamel]^v [idiome]^o.
The professor collects idioms.
 - 1.6 [Jan Rap]^s [besit]^v [biltongwinkels]^o.
Jan Rap owns biltong shops.
 - 1.7 [Kattie]^s [eet]^v [tuisgemaakte roomys]^o.
Kattie eats homemade ice cream.
 - 1.8 [Floris Visagie]^s [skryf]^v [woordeboeke]^o.
Floris Visagie writes dictionaries.
 - 1.9 [Kattie se Kuier-Kombuis]^s [lok]^v [baie besoekers]^o.
Kattie's Kuier-Komuis attracts many visitors.
 - 1.10 [Professor Floris Visagie]^s [is]^v ['n akademikus]^o.
Professor Floris Visagie is an academic.
 - 1.11 [Jan]^s [ken]^v [karakters]^o [soos Jan Taks]^r.
Jan knows characters like Jan Taks
 - 1.12 [Kattie]^s [versamel]^v [speelgoedkarre]^o.
Kattie collects toy cars.
2.

2.1 <u>Kattie</u> hou van 'n sportmotor.	2.5 <u>Die familie</u> vier fees.
2.2 <u>Let</u> kla sonder end.	2.6 <u>'n Slang</u> skuil in die boomtakke.
2.3 <u>Slakke</u> vreet graag blare.	2.7 <u>Die Khoi</u> dra 'n hoed.
2.4 <u>'n Boer</u> maak 'n plan.	2.8 <u>Die toeriste</u> sien dikwels 'n leeu in die wildtuin.

Taak C, p. 67

See your dictionary for the correct answers in the left-hand column. The answers of the right-hand column (Fig. 50) are as follows:

- | | | |
|-------------|----------------|---------------|
| 1. gesig | 8. bobeen | 15. enkel |
| 2. nek | 9. hand | 16. kuit |
| 3. bo-arm | 10. vingers | 17. boud |
| 4. borskas | 11. knie | 18. middellyf |
| 5. maag | 12. maermerrie | 19. rug |
| 6. elmboog | 13. voet | 20. skouer |
| 7. onderarm | 14. tone | 21. hare |

Vraag: Waar is jou hakskeen?

Eenheid 7

Taak A, Kolom 1, p. 72

Kort vokale: ie in drie, y in vyf, e in ses, end-e in sewe, a in agt/ag, slot-e in nege, ie in tien

Lang vokale: ee in een, ee in twee, ie in vier, begin-e in sewe, begin-e in nege

Taak B, p. 72

Die werkwoorde is die volgende: drup, skree, vlie(g), volraak, dryf, slaan, bibber, bewe, verwag, is, gesien

Selfstandige naamwoorde: druppel(s) – in elke strofe, reën, paddas, swaeltjies, rivier, pampoens, weerlig, beeste, oes, boer, reënboog

Taak C, pp. 72-73

- | | |
|------------------------------------------|---------------------------------------------|
| 1. Die pampoens dryf in die water. | 5. In my werkboek, Kortpad-Pratjies I. |
| 2. Die boer is bly oor die reën. | 6. Die rivier raak vol. |
| 3. Ons weet nie - die digter is anoniem. | 7. Die beeste is nat, miskien bang en koud. |
| 4. Die swaeltjies begin vlieg. | |

Taak D, p. 73

3. 3.1 [Hy] groet [sy] personeel vriendelik.
- 3.2 Die sekretaresse is só gespanne dat [sy] skaars kan praat.
- 3.3 [Hulle] wonder hoekom [hy] so knorrig is.
- 3.4 Prof. Woordvraat skryf [sy] woordeboek.
